

## Amos 9

1 Ek het die Here by die altaar sien staan, en Hy het gesê: Slaan die kapiteel van die pilaar, sodat die drumpels bewe; en verpletter hulle bo die hoof van almal! En Ek sal die wat van hulle oorbly, met die swaard ombring: die vlugteling uit hulle sal nie ontsnap nie, en geen vrygeraakte onder hulle homself red nie. 2 Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daaruit haal; en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle van daar laat neerdaal. 3 En al steek hulle hul weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en weghaal; en al verberg hulle hul voor my oë op die bodem van die see, Ek sal van daar die slang ontbied om hulle te byt. 4 En al gaan hulle as gevangenes voor hulle vyande uit, Ek sal van daar die swaard ontbied om hulle dood te maak; en Ek sal my oog op hulle rig ten kwade en nie ten goede nie.

5 Ja, dit is die Here HERE van die leërskaare wat die aarde aanraak, sodat dit bewe en almal treur wat daarop woon; en dit sal in sy geheel oprys soos die Nyl en wegsak soos die rivier van Egipte. 6 Dit is Hy wat sy solders in die hemele bou en sy hemelgewelf bo die aarde vestig, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die aardbodem, HERE is sy Naam!

7 Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel? spreek die HERE. Het Ek Israel nie laat optrek uit Egipteland en die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie? 8 Kyk, die oë van die Here HERE is gerig teen die sondige koninkryk, en Ek sal dit van die aardbodem verdelg; maar Ek sal die huis van Jakob nie heeltemal verdelg nie, spreek die HERE. 9 Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. 10 Al die sondaars van my volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie.

11 In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; 12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. 13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees. 14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte

daarvan eet. 15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God.

### **'n Samestelling van Amos 9**

7:1-9:15      *Visioene*

8:1-9:15      Twee verdere visioene van die komende oordeel

9:1-15          Die Here staan by die altaar

9:1-6          Die visioen

9:7-15          Slotrede

### **Amos 9:1-15 – Die Here staan by die altaar**

***Amos 9:1-4 – Die visioen; die oordeel van die Here kan nie ontvlug word nie***

**1** Ek het die Here by die altaar sien staan, en Hy het gesê: Slaan die kapiteel van die pilaar, sodat die drumpels bewe; en verpletter hulle bo die hoof van almal! En Ek sal die wat van hulle oorbly, met die swaard ombring: die vlugteling uit hulle sal nie ontsnap nie, en geen vrygeraakte onder hulle homself red nie. **2** Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daaruit haal; en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle van daar laat neerdaal. **3** En al steek hulle hul weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en weghaal; en al verberg hulle hul voor my oë op die bodem van die see, Ek sal van daar die slang ontbied om hulle te byt. **4** En al gaan hulle as gevangenes voor hulle vyande uit, Ek sal van daar die swaard ontbied om hulle dood te maak; en Ek sal my oog op hulle rig ten kwade en nie ten goede nie.

Amos 9 is die laaste van van die vyf visioene wat Amos gehad het. In die eerste twee visioene (Amos 7:1-6) sê Amos wat die Here hom laat sien het. Op die visioene bid Amos tot die Here ter wille van die volk. In die derde visioen (Amos 7:7-9) sê Amos wat die Here hom laat sien het en dan vra die Here hom wat hy sien. As Amos antwoord verklaar die Here die visioen aan hom. By die vierde visioen (Amos 8:1-3) gebeur dit dieselfde. Maar hier by die vyfde visioen sê Amos nie dat Here hom iets laat sien nie. Die Here vra ook nie vir Amos wat hy sien nie. Amos begin bloot om te sê wat hy sien en verder gee hy weer wat die Here sê.

Amos sien die Here by die altaar staan. Uit die res van die boek verstaan ons dat dit

by die altaar in Bet-el is aangesien Bet-el die aanbiddingsplek is wat die meeste kere in die kollig gekom het. Die Here sê vir iemand – waarskynlik 'n engel, aangesien engele die uitvoerders is van God se oordele (vgl. Open 7:1-3) – om die **kapiteel van die pilaar** te slaan. Die kapiteel van die pilaar is die boonste stuk van die pilaar wat wyer as die res van die pilaar is waarop die dak van die gebou rus. Die kapiteel moet so hard geslaan word dat **die drumpels bewe; en verpletter hulle bo die hoof van almal** (vgl. Rig 16:29-30; Jes 6:4; Eseg 40:6). Die kapitele moet verpletter word sodat die dak op diegene binne in die tempel kan neer tuimel en die drumpels bewe van die neerstort slag.

Die Israëliete het graag na Bet-el gegaan om te aanbid. Daar het hulle kamtig die Here met al hulle baie offers gedien. Maar inderwaarheid was hulle daar besig met hulle afgodery en allerhande afskuwelike praktyke wat daarmee saamgaan. Die Here het genoeg gehad van waarsku en terugroep. Nou voltrek Hy die oordeel. Hy laat hulle eie handewerk op hulle neerstort sodat hulle daaronder kan sterf.

Sommige sal die dood vryspring wanneer die tempel op hulle aftuimel. Maar hulle sal nie die oordeel van die Here vryspring nie. Die Here sê self dat Hy **die wat van hulle oorbly, met die swaard sal ombring** (vgl. Jes 27:1). Hy sal self sorg dat niemand van hulle die oordeel ontkom nie. Elkeen van hulle wat nog oorbly en vlug **sal nie ontsnap nie, en geen vrygeraakte onder hulle homself red nie**. Die Here sal elke vlugteling van hulle met die swaard agtervolg en van kant maak.

In verse 2 tot 4 maak die Here dit duidelik dat daar letterlik geen plek in die hele skepping is waarheen een van hulle kan vlug om van die oordeel van die Here te ontsnap nie. **Al dring hulle deur in die doderyk** – die doderyk is gesien as 'n plek onder die oppervlak van die aarde. Al probeer hulle skuil in die donkerste dieptes sal die Here hulle daaruit haal om hulle te vergeld. **Al klim hulle op na die hemel** sal die Here hulle **vandaar laat neerdaal**. Hierdie opklim na die hemel sien waarskynlik op 'n poging om tog by die Here self genade te vind. Maar in die oordeel gaan die Here nie meer genade betoon nie. Hy het lank genoeg geroep en hulle wou nie luister nie.

**Al steek hulle hul weg op die top van Karmel** – Karmel was een van die hoogste

punte in Israel. Al gaan kruip hulle weg in die grotte en skeure in die berg, sal die Here **hulle daar opspoor en weghaal**. Selfs al dink hulle daaraan dat hulle hulleself kan **verberg voor sy oë op die bodem van die see** sal die Here selfs skepsels gebruik om hulle daar by te kom (vgl. Amos 5:19; Job 26:12-13; Ps 74:13-14; 89:9-10; Jes 27:1; 51:9-10).

Elkeen moet besef dat daar werklik geen plek is waar hy van die Here kan ontvlug nie (vgl. Ps 139:7-8; Jona 1-2). As die hoogste hoogtes en die diepste dieptes nie die kinders van God van sy liefde kan skei nie, beteken dit ook dat die die hoogtes en dieptes ook niemand van sy oordeel kan laat ontvlug nie.

Selfs nie eers diegene wat **as gevangenes voor hulle vyande uit** is, sal die oordeel van die Here onvlug nie. Ook **van daar sal Hy sy swaard ontbied om hulle dood te maak**. Selfs nie eers die gevangenskap deur die Assiriërs sal vir Israel bevryding van die Here se oordeel bring nie. Die ballingskap onder Assirië was so geweldig dat die Israeliete wat deur hulle weggevoer is, bekend geword het as die *tien verlore stamme*. Hulle het egter nie geheel en al verlore geraak nie (vgl. Amos 5:11-15).

Net soos wat 'n mens beveilig is wanneer die Here in guns sy oog op die mens hou, net so verskriklik vreesaanjaend is dit as die Here sy oog ten kwade op die mens rig. Weens die onreg waarin hulle volhard het, is die Here daarop gerig om hulle te verdelg.

### ***Amos 9:5-6 – Die visioen; die Here wat so oordeel***

**5 Ja, dit is die Here HERE van die leërskaare wat die aarde aanraak, sodat dit bewe en almal treur wat daarop woon; en dit sal in sy geheel oprys soos die Nyl en wegsak soos die rivier van Egipte. 6 Dit is Hy wat sy solders in die hemele bou en sy hemelgewelf bo die aarde vestig, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die aardbodem, HERE is sy Naam!**

Hierdie twee verse is 'n lofprysing vir die Here. Hy is die groot almagtige en soewereine God wat sy oordeel oor sy ongehoorsame volk voltrek.

Die Here is **die Here HERE van die leërskaare**. Hy het magte tot sy beskikking wat

sy bevele tot op die letter uitvoer. Hy het engele magte tot sy beskikking wat getrou sy opdragte uitvoer, maar daar is ook magte van soldate wat sy bevele uitvoer soos die Assiriërs wat Hy as tugroede teen sy volk Israel gaan inspan.

Hierdie almagtige God raak die aarde net aan dan **bewe en almal treur wat daarop woon**. Net met 'n aanraking van die Here kan die hele aarde skud soos met 'n aardbewing of met die gedreun van oorlogsmagte. Almal – dit is elke volk – is onderworpe aan hierdie gevolge van die Here se aanraking van die aarde. Daar is niemand op die hele aarde wat die Here se hand kan ontvlug nie.

Wanneer die Assiriërs as tugroede in die hand van die Here oor die aarde heen trek, sal dit soos 'n vloedgolf wees soos wanneer **die Nyl oprys en wegsak** (vgl. Amos 8:8). Dit sal 'n vloedgolf wees wat alles en almal meesleur en as dit verby is, bly daar net verwoesting agter. Die Here het in sy almag en soewereiniteit volle seggenskap oor die hele aarde en al sy bewoners.

Die woorde van vers 6 herinner aan die skeppingshandelinge van die Here maar ook aan die oordeel wat die Here deur die sondvloed gedoen het (vgl. Gen 1:1-9; 7:11-12). Israel word met hierdie woorde herinner aan die almag van die Here. Sy woonplek is bo die waters van die hemelgewelf (Ps 104:3). Hy roep die waters van die see en giet dit uit oor die aarde. Hy doen dit om vir mens en dier op die aarde te sorg (Ps 104:13) maar Hy doen dit ook om sy oordeel te voltrek. Die Here wat dit doen, is die Here van die verbond. Hy hou sy woord en Hy dring aan op 'n verhouding met Hom, want Hy onderhou sy verhouding met sy volk.

### **Amos 9:7-15 - Slotrede**

#### ***Amos 9:7-10 – Die regverdigheid van die Here se oordeel***

**7** Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel? spreek die HERE. Het Ek Israel nie laat optrek uit Egipteland en die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie? **8** Kyk, die oë van die Here HERE is gerig teen die sondige koninkryk, en Ek sal dit van die aardbodem verdelg; maar Ek sal die huis van Jakob nie heeltemal verdelg nie, spreek die HERE. **9** Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie. **10** Al die sondaars van

**my volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie.**

Die Here vra deur sy profeet aan Israel of hulle nie maar soos al die ander nasies vir die Here is nie. Die vraag het die volgende oogmerke. Aan die een kant vra die Here met hierdie vraag of Israel nie maar net soos die ander nasies is deurdat hulle ook afgode dien nie. Israel wat hulleself so hoog geag het, is wat hulle afgodery betref nie anders as die ander heidense nasies nie.

Aan die ander kant – en dit is waarop die woorde van die Here dan ook sinspeel – die Here het die Filistyne uit Kafor en die Arameërs uit Kir laat trek en hulle in ander wêreld dele gevestig. So het die Here ook vir Israel uit Egipte laat optrek en hulle in die beloofde land gevestig. Net so kan die Here weer vir Israel uit die beloofde land uit wegneem en in 'n ander deel van die wêreld gaan vestig. Hy het immers heel in die begin van hierdie profesieë gesê dat Hy Aram in ballingskap sal wegneem na Kir toe – terug na waar hulle vandaan kom (Amos 1:5).

Daarom moet Israel weggom van die gedagte dat hulle onaantasbaar is. Hulle is nie verhewe bo ander nasies nie. Hulle is net deur die Here begenadig bo die ander nasies. Daarom moet hulle nie dink dat hulle nie werklik deur die Here uit die beloofde land uit weggeneem kan word nie.

Omdat Israel soos die ander nasies geword het in die oë van die Here, maak Hy dit baie duidelik dat sy oë **gerig is teen die sondige koninkryk**. Die Here noem Israel 'n sondige koninkryk. Daarom sal Hy hulle van die aardbodem af verdag. Die Here sal die bestaan van Israel as volk beeindig. Die voorrang wat hulle bo die ander nasies gehad het omdat hulle die verbondsvolk van die Here is, sal hulle nie van die oordeel vrywaar nie. Intendeel, die feit dat hulle die verbondsvolk van die Here is, maak hulle verantwoordelikheid net soveel groter. Hulle moes van beter geweet het om die Here te gehoorsaam.

Tog maak die Here die belofte dat Hy die huis van Jakob nie heeltemal sal verdag nie. Te midde van die swaar oordeel wat regverdig op Israel sal kom, betoon die Here sy genade. Hy sal Israel nie geheel en al uitwis nie. Dit belowe die Here, nie

omdat Israel nog 'n ietsie goeds in hulle het nie, maar omdat die Here se genade oneindig groot is.

Hoe sal die Here keer dat die hele Israel verdelg word? Hy **sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word**. Die oordeel en die ballingskap sal as 'n sif dien waarin die Here vir Israel saam met al die ander nasies sal skud. So sal die Here dan die kaf van die koring skei. En deur sy almag en trou **sal daar geen korrel op die grond val nie**. Die Here belowe dat die ware gelowiges onder sy volk nie verlore sal gaan nie, maar behoue sal bly.

Maar van al die kaf sal die Here ontslae raak. Hy sal **al die sondaars van sy volk deur die swaard laat sterwe**. Die sondaars van die volk is daardie mense wat gesê het dat **die onheil hulle nie sal bereik nie en nie ontmoet nie**. Dit is dieselfde mense van wie die Here vroeër gesê het dat hulle hulle die dag van onheil veraf stel (Amos 6:3). Dit is die mense wat ondanks al die waarskuwings van die Here om hulle te bekeer hardnekkig voortgegaan het met hulle onreg.

#### ***Amos 9:11-12 – Die herstel van Dawid se hut***

**11 In dié dag sal Ek die vervalte hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; 12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat dit doen.**

Die res van die boek verskil van die voorafgaande, aangesien dit geheel en al positief is. Soos die ander profete wat gedurende die agtse eeu voor Christus opgetree het, het Amos nie net oordeel verkondig nie maar ook hoop (vgl. Jes 40-66; Hos 1:10-2:1, 14-23; Miga 2:12-13; 4:1-5).

**In dié dag** verwys na die eindtyd wat in 'n sekere sin begin aanbreek het na die ballingskap. Daar kom 'n dag dat die Here self die **vervalte hut van Dawid weer sal oprig**. Die hut van Dawid is 'n verwysing na die koningshuis van Dawid waaronder die hele verenigde Israel beskerming geniet het.

Die hut van Dawid het vervalte geraak met die skeuring van die ryk na die dood van

Salomo. Daarna het dit met die volk van die Here net al verder en verder agteruitgegaan, sodat hulle – die noordelike ryk sowel as Juda – in ballingskap geneem is. Dit is die skeuring van die ryk en die agteruitgang en uiteindelijke ballingskap wat skeure in die hut van Dawid veroorsaak het en daartoe gelei het dat dit puinhope geword het.

Maar die Here belowe dat Hy self die vervalte hut van Dawid sal herstel. Hy **sal die skeure toebou en die puinhope herstel**. Uiteindelik sal Hy dit **opbou soos in die ou tyd** toe dit 'n verenigde volk van die Here was. Die volk van die Here sal weer verenig wees onder een koning die Een wat uiteindelik op die troon van Dawid sal regeer tot in ewigheid. Die finale herstel van die hut van Dawid sal eers plaasvind op die dag wanneer Jesus Christus terugkom om te oordeel en sy mense finaal verlos.

Die doelwit van die herstel van die hut van Dawid word in vers 12 genoem: **sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is**.

Met hierdie woorde word geprofeteer dat selfs die oorblyfsel van Edom – 'n geswore vyand van Israel – onder die heerskappy van Israel sal kom wanneer die vervalte hut van Dawid herbou is. Hierdie heerskappy van Israel oor Edom is nie bedoel as mag oor Edom sodat hulle slawe van Israel sal word nie. Dit gaan daaroor dat ook Edom deel kry aan die seën wat die Here oor Israel gee onder die herstelde heerskappy van die een wat op die troon van Dawid sal sit.

Jakobus het tydens die vergadering in Jerusalem (Hand 15:16-17) Amos 9:11-12 aangehaal as bewysstuk dat die heidene nie soos die Jode besny moet word om lidmate van Christus in die kerk te wees nie. Die Here brei sy seën uit oor almal wat hulle toevlug tot Jesus Christus as hulle enigste Verlosser neem. Daarom gaan dit in Amos 9:12 nie daaroor dat die een volk – Israel – heerskappy voer oor al die ander volke nie. Dit gaan oor die seën van die Here wat vanaf Israel na al die ander volke tot uitbrei omdat Israel en die ander volke onder die heerskappy kom van die herstelde hut van Dawid met die Seun van Dawid wat op die troon sit.



En die Een wat dit laat gebeur, is niemand anders as die Here van die verbond self wat dit deur Amos aan Israel aankondig nie. Die Here self sorg dat die skeidsmuur tussen die Jood en die nie-Jood afgebreek word in Christus (Efes 2:14).

***Amos 9:13-15 – Die seëninge van die herstelde koninkryk***

**13 Kyk, die dae kom, spreek die Here, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloeï sal wees. 14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. 15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die Here jou God.**

Die gevolge van die herstelde hut van Dawid vloei ook deur na die alledaagse dinge van die mense. Die oorvloed sal so groot wees dat die maaiers nog besig is om die oes in te samel dan is die ploëers al weer besig om gereed te maak vir die volgende saaiery. Selfs diegene wat die druiwe pars sal die wat die wingerde gereedmaak inhaal. Daar sal so 'n groot oorvloed wees onder die seën van die Here dat daar nooit weer 'n te kort aan koring en wyn sal wees nie. Hierdie belofte van seën staan in skerpe kontras met die oordeel wat vroeër deur Amos uitgespreek is oor droogte en hongersnood (Amos 1:2; 4:6-8).

Dit is tog opmerklik dat die seën van die Here nie die arbeid uit die hande van die mens wegneem nie. Die ploëer en maaier gaan steeds uit om hulle werk te doen. Die een wat druiwe pars en die een wat die wingerd aanplant gaan ook steeds uit om hulle werk te doen. Maar nou is dit uitgaan en gaan werk met vreugde, want onder die seën van die Here het die swaarkry in die werk begin ophou en daar sal 'n dag kom dat daar glad nie meer swaarkry in die werk van die mens is nie omdat die sonde geheel en al weggeneem is.

Die laaste woorde in vers 13 herinner aan die belofte wat Joël ook geprofeteer het (Joël 3:18). Daar sal so 'n oorvloed van wyn wees dat die berge daarvan sal drup en die heuwels daarmee oorvloeï word. En om dit nog verder te kroon, dit sal net van die beste wyn wees.

Die Here sal self die lot van sy volk verander. Na die tugtigende oordele en die ballingskap, sal die Here sy volk terugbring na die land wat Hy aan hulle gegee het. Daarin sal hulle die verwoeste stede weer opbou en bewoon. Hulle sal wingerde en tuine aanplant en hulle sal self die vrug van hulle arbeid geniet. Boonop sal die Here self sy volk weer in die land vestig wat Hy aan hulle gee. En niemand sal hulle weer uit die land kan ruk nie.

Hierdie beloftes van oorvloed en vrede en standvastigheid is na die ballingskap nog maar net gedeeltelik vervul. Hierdie beloftes is ook nog nie eers in die Nuwe Testament of selfs in die lewe van die kerk van Jesus Christus ten volle vervul nie. Die volle vervulling van hierdie beloftes sal eers plaasvind wanneer Jesus Christus terugkeer op die wolke van die hemel. Eers dan sal die vervalle hut van Dawid heeltemal opgerig wees. Dan sal die hele volk van die Here uit elke deel van die wêreld onder een Koning Jesus Christus verenig wees.